ng overkruin

aanbid… gee om… bring hoop…

## PROGRAM VIR DIE DAG: 16 AUGUSTUS 2020

09:00 **Virtuele Erediens**. Ds. C. Randall.
Teks: Gen. 32:22-32.
Tema: Wie hou vir wie vas?

18:00 **Virtuele Erediens**. *Praise and Worship*.

## U VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE: ONGESTELDES

**Liesl Strydom**. Kol. Du Preezstraat 4, 082 337 6089. Ontvang tans chemo.

**Theunis Eloff**. Blinkblaarstraat 81, 082 827 1035. Ontvang tans chemo.

**René du Bruyn**. Waterhoutlaan 173, 083 567 3407. Ontvang tans chemo.

**Ansie Potgieter**. Bellevue 28, 082 702 0033. Ontvang tans chemo.

**Michelle Booysen**. Aldostraat 179, 083 259 9401. Positief getoets vir COVID-19.

## GEDAGTE VIR DIE WEEK

Die Skrif beskryf “gee” as liefde - ‘n liefde wat sê: “Wat ek ook al het, wil ek met jou deel, en ek wil hê dat jy moet weet wat God bedoel het jy moet wees.”
Dit is ‘n liefde wat die belangrike dinge vooropstel sover dit die ander persoon aangaan.
Ons kan dadelik sien dat dit nie emosionele liefde is nie. Hierdie soort liefde kom en gaan nie. Dit is ‘n liefde van die wil.
As gevolg van Christus is ons gemotiveerd om lief te hê. Ons wat nie vir ‘n gevoel van aangetrokkenheid of dieselfde belang nie.
*Arthur H de Kruyter*

## GASVRYHEIDSPROJEK

Heerlike koeksisters te koop @ R25 per dosyn. Aflewering: by jou hek onder streng inperkmaatreëls!
Skakel: Joey, 082 924 7873.

## LIDMATE MET BESIGHEDE

Ons nooi LIDMATE van NG Overkruin uit om hulle **eie** besighede deur middel van ons Facebookblad of Aankondigingsblaadjie, gratis (tydens Covid-19) bekend te stel. Vir meer inligting skakel asseblief vir ds. Heinrich by 083 566 1490 of die kerkkantoor by 012 567 2177.

## DANKOFFERSTELSEL

Lidmate kan hulle dankoffer– of enige ander bydrae op enige van die volgende maniere doen:

- Debietorder
- Aftrekorder (stuur epos na: finansies@ngoverkruin.org.za)
- Direkte inbetalings
- Snapscan (sien foto hieronder)

**Bankbesonderhede:**
ABSA: NG Overkruin
Rek: 5260 142 552
Tak: 632 005
Verw: bv. Dankoffer

Snap here to pay

getsnapscan.com

**PROGRAM VIR DIE WEEK**

**SONDAG 23 AUGUSTUS 2020**

09:00 **Virtuele Erediens**. Dr. P. Moolman. Nagmaal.
Teks: Hebr. 11:22 & Gen. 50:20-26.
Tema: Josef.

18:00 **Virtuele Erediens**. Ds. C. Randall.
Tema: Om mag weg te gee.
Zoomgesprek se link:
https://us04web.zoom.us/j/78749827844?pwd=UEdWMU5aUHJsU2pWd2t1R3MwejhSUT09
Meeting ID: 787 4982 7844
Password: 7gjd4N

**ANDER SAKE VAN BELANG**

**Voorbidding**. Carien Liebenberg, 012 567 2082 / 083 319 9636 / clieb49@gmail.com

**Preke** is ook op ons gemeente se webtuiste beskikbaar by http://www.ngoverkruin.org.za/index.php/2-uncategorised/74-preek-argief
U is welkom om in hierdie tyd waar daar nie formele eredienste in die kerkgebou is nie, daarna te gaan luister.

**MELD ASSEBLIEF ALLE SIEKES, GEHOSPITALISEERDES, ENS. BY DIE KERKKANTOOR AAN. ONS WIL GRAAG AAN JOU AANDAG GEE.**

**GARAGEVERKOPING 2020**

Ons jaarlikse garageverkoping gaan voort vanaf 21 September.

Ons is daarvan bewus dat jy die afgelope tyd van “huisarres” die geleentheid gebruik het om die motorhuis, die tuinhuis, die kelder, die solder en die stoorkamer op te ruim en reg te pak.

Ons aanvaar dat daar baie items is wat nou net in jou pad is en dat jy nie meer kan wag om daarvan ontslae te raak nie.

Ons is gereed, ons wag vir jou oproep sodat ons jou kan kom help om jou plek meer “leefbaar” te maak.

Piet Swanepoel 083 227 0025, Rudi van Heerden 082 832 5565.

## Die hou van Eredienste in die kerkgebou.

Die Bestuursraad van NG Gemeente Overkruin het Maandag (3 Augustus 2020) vergader om onder andere te besluit oor die hou van eredienste in die kerkgebou.

Uit die meningsopname (waarvan ongeveer 168 mense aangedui het dat hulle wel `n erediens in die kerkgebou sal bywoon en 124 mense aangedui het dat hulle nie `n erediens in die kerkgebou sal bywoon nie) het die Bestuursraad veral twee dinge raakgesien:

Daar is lidmate wat `n behoefte het om fisies `n erediens in die kerkgebou by te woon.
Daar is lidmate wat verkies om nie fisies `n erediens in die kerkgebou by te woon nie.

Hieruit het die Bestuursraad afgelei dat ons rondom die hou van eredienste nie `n of-of benadering moet volg nie (of virtuele eredienste of eredienste fisies in die kerkgebou), maar `n en-en benadering moet volg (virtuele eredienste en eredienste fisies in die kerkgebou).

*Ons beplan om vanaf 4 Oktober 2020 met ons fisiese eredienste in ons kerkgebou te begin terwyl ons virtuele eredienste (soos tans) steeds aangaan.*

Ons besef dat daar `n klomp logistieke sake is waaraan ons moet aandag gee en ons wil graag verantwoordelik optree. Ons sal mettertyd soos ons die logistieke details en reëlings in plek kry, met u daaroor kommunikeer.

Groete
Ds. Corné Randall (namens Leraarspan)

## UITREIK

**Wolmer**. Dringend opsoek na wol vir die brei van kindertruie vir 2021. Afval wol is ook welkom. Marleen Büre, 012 567 6413 of Kobus Liebenberg, 012 567 2082.

**Margaretha Ackerman-Tehuis vir Bejaardes**. Webblad: www.savfmackerman.org

**Noodspens**. Kerkkantoor, 012 567 2177.

**CMR Daspoort**. Benodig seuns- en dogtersklere asook skoene. Alle groottes asook komberse. Rita Viljoen, 012 567 2464.

**CMR Wonderboom**. Arina Jordaan, 012 567 4551.

**Jan Niemandpark**. Kobus Liebenberg, 082 335 0035. Blikkieskos en nie-bederfbare produkte.

**Sopkombuis**. Ons benodig leë broodsakkies. Ralie Bezuidenhout, 079 279 4005.

**Jakaranda Kinderhuis**. Hendrik Oosthuizen, 012 567 2030.

**Lees– en skryfklas**. Nettie Wagner, 083 276 7550.

**Mosambiek-klerebank**: Nédine Hitchcock, 074 483 4970.

---

### Ons trek in ‘n wonderlike span.

Die Covid-19 pandemie het sy kloue diep ingeslaan. Wêreldwyd styg die tol wat dit aan lewens eis. Ook in ons land – waar die sterfgevalle genadiglik nog buitengewoon laag is. Die tol wat dit eis reik wyd en diep. Veral die ekonomiese impak. Tot in elkeen van ons se sak. Dit raak daarom ook die kerk, baie wyd.

Dit gesê, bly ons die Here ontsettend dankbaar vir ons lidmate se konstante maandelikse dankoffers. *Ons staan verstom oor die manier waarop, op buitengewoon-entoesiastiese manier skenkings gemaak word om die werk te bly stimuleer.*

Dit is logies dat die krimpende inkomste as gevolg van aktiwiteite wat nie meer kan plaasvind nie, druk op ons begroting plaas. Wat ons lidmate betref, is dit veral die *erediensdankoffers* wat aansienlik gedaal het. *Maar, lidmate begin, toenemend ook om hulle bydrae elektronies oor te betaal*. Dit is so lekker dat sommige dit selfs by die kantoor met ‘n koevert kom inbetaal***. Ons is dankbaar opgewonde oor die spanpoging van die NG Overkruingemeenskap!*** Omdat ons eredienste normaalweg so goed bygewoon word, vorm die erediensKollektes uiteraard ‘n aansienlike persentasie van ons totale inkomste. ***Huidige projeksies dui daarop dat indien ons hierdie faset van ons inkomste ook ‘n verdere hupstoot kan gee, ons oorspronklike geprojekteerde tekort dalk baie kleiner kan wees as wat dit aanvanklik gelyk het.***

Jou bydrae, maak ‘n groot verskil aan die lewens van baie mense wat deur ons bediening geraak word. Met ons bydrae staan elkeen van ons direk in die voorste linie waar ons die Koninkryk op baie maniere uitbou – selfs deesdae deur die verskillende digitale platforms. Ons vermoed dat baie meer mense – selfs tot in die buiteland – deur ons digitale bedienings geraak word. Dit is benewens die fisiese uitreik na mense in nood deur ons uitreikbediening.

*Covid –19 byt hard. Maar die gemeente van die Here veg hoopvol voort. As span veg ons saam op die voorpunt - saam met die Oorwinnaar, Jesus Christus!*

# Die Kwêvoël

1. NG Gemeente Overkruin is nie **aanspreeklik** vir 'n diens of produk wat geadverteer word nie.
2. **Geen advertensie** kan namens 'n ander persoon of instansie geplaas word nie.
3. **Alle advertensies** moet die kerkkantoor voor Woensdag om 10:00 bereik (Dinsdag as Vrydag 'n vakansiedag is).
4. **Advertensies word beperk tot 30 woorde**. Faks en/of e-pos word aanvaar indien bewys van betaling daarby aangeheg is.
5. **Berekening van kostes**. Minder as tien woorde = R15. Elf-twintig woorde = R20. Twintig-dertig woorde = R25. **Bankbesonderhede**: ABSA: NG Overkruin, 5260 142 552, Tak: 632 005. Verw: Kwêvoël.

**Beddens en matrasse**. *Cloud 9* en *Rest Assured*-reeks teen beste pryse. Gratis aflewering in Noordelike Pretoria. Faan, 082 469 0804.

**JD Fridges**. Herstel alle stowe, wasmasjiene, mikrogolfoonde, yskaste, ens. Dewald, 083 692 6752. Ons haal en lewer af.

**Kunsgalery Jacobs en Uys**, Braam Pretoriusstraat 120. Skilderye deur verskeie S.A. kunstenaars. Per afspraak, 012 543 1418.

***Stress Away*** Verkoelings. Herstel van wasmasjiene, stowe, ys- en vrieskaste, tuimeldroërs of mikrogolfoonde. Billike pryse. Gratis vervoer by aanvaarding van kwotasie. Douw, 061 419 0739 / 012 377 0340.

**Verkeidenheid tuisgebakte** beskuit en choc chip koekies te koop. Joey, 082 924 7873.

**Maryna se Kontreikombuis**. Daagliks, varsgekookte BOERE-KOS. Wegneem Sondagmiddagetes. Spyseniering vir alle funksies en BEGRAFNISSE! Maryna, 082 451 7842. info@diekontreikombuis.co.za

**Algemene meubelvervoer** en langafstand. Bokse & verpakkingsmateriaal te koop. Kassie, 086 111 1129, 082 454 8159, 012 524 3111.

**Franco's building and renovation Projects**. Vir al u bou-, opknappings- en opgraderingsbehoeftes, jou een-stop shop. Franco, 082 257 8601 / www.fscon.co.za

**O/Zero Treefelling**. Boomslopings en snoei. Gratis kwotasies/versekering. Ernst, 083 656 4992. www.treecarepta.co.za

**Eiendom koop/verkoop**. Ons staan u graag by en kan van hulp wees! Jannie, 082 813 9692 / Karien, 072 564 1804. www.estpro.co.za

**Rommelverwydering**. Meubelrestourasie. Herspan riempiesmeubels. Vervang ook stoelrekbande (*webbing*). Dawie, 082 556 4451. Ook **prentraamwerk**. Edith Fourie, 082 789 0790.

**Nutsman**, elektrisiën, loodgieter, algemene herstel, opknappings, verf en verbeterings aan huise. Ons kan jou help. Jannie, 082 813 9692 / Karien, 072 564 1804. Ons doen dit die eerste keer reg - elke keer.

**Gia Business Brokers.** Professionele "Besigheids Makelaarsfirma" vir beide Verkopers en Kopers om besighede te verkoop of te koop. Kontak Helmut by 079 9039 837 of besoek ons website www.giabusinessbrokers.co.za

**Wonderboom R1,85 m. Bokant Braam Pretoriusstr.** Ruim 450m² siersteen teëldak huis op ruim 1464m² erf, 4 slk., 3 vol badk., 3 ruim l/areas, studeerk., wask., 3 m/huise, 5 m/afdakke, boorgat, instapkluis, ADT alarm. **Property24 verw. – 108781083**. Johann van Niekerk Eiendomme, 012 543 3687 / 082 788 1421.

**Theresaburg voltitel meent–huis.** Veiligheidsdorp R1,08m. Pragtige 3 slk. klinker teëldakwoning, 3 badk., sit/eetk., lapa, 1 m/huis, 1 m/afdak. **Property24 verw. 10889215**. Johann van Niekerk Eiendomme, 012 543 3687 / 082 788 1421.

**Verkoop** u gebruikte motor vandag, Ons kan u help. Kontak Greg, 084 529 0367 of besoek ons by ons kantoor in Braam Pretoriusstraat 268. www.buywinnercars.co.za

**Namibiese houtskool** 5 kg-sakke vanaf R35,00. Aanstekers R10,00. 012 543 1001 / 083 227 0025.

**Verwer**. Jack Mtshwene. Uiters betroubaaar. Verwysing: Rudi van Heerden, 082 832 5565

## EKOLOGIE:

Spekboom (Portulacaria afra). Spekbome is inheems aan Suider-Afrika. Hulle speel ´n belangrike ekologiese rol in die opsig dat hulle die vermoë het om meer koolsuurgas uit die atmosfeer te verwyder as enige ander plant. Die blomme lok insekte en dan weer insekvretende voëls. Die wortels bind ook die grond waarin hulle groei en bekamp sodoende gronderosie. Dit dien ook as voedsel vir veral olifante en skilpaaie en het verskeie medisinale gebruike vir mense en kan selfs in resepte gebruik word Spekbome beskikbaar @ R50,00 elk. Anél, 082 459 1474.